



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**JUNIE 2016**

**EKONOMIE V2**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:  
AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.  
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde meer as die vereiste aantal, sal NIE nagesien word NIE.
3. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
6. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.7 C.

1.1.1 Watter EEN van die volgende kan as 'n volmaakte mededinger beskou word?

- A OPEC, die verskaffer van ru-olie
- B Telkom, die verskaffer van vastelyn telefoondiens
- C 'n Mielie produsent in die Oos-Kaap

1.1.2 Markstrukture omskryf verskillende vlakke en vorme van ...

- A mededinging.
- B verspreiding.
- C produksie.

1.1.3 Groot kapitaalbesteding in die elektrisiteitsindustrie, maak toetrede tot die ... mark moeilik.

- A monopolie
- B monopolistiese
- C oligopolie

1.1.4 Die vraagkurwe van 'n monopolistiese mededinger se produk is ... as dié van 'n monopolis.

- A meer prys-onelasties
- B meer prys-elasties
- C onelasties

1.1.5 Die regering implementeer minimum lone tot voordeel van ... arbeid.

- A geskoolde
- B ongeskoolde
- C professionele

1.1.6 Oligopolie besighede is huiwerig om pryse te verander omdat 'n ... pryse afwaarts sal dwing en winste sal uitgeskakel word.

- A prysdiskriminasie
- B prysoorlog
- C prysplafon

1.1.7 Watter van die volgende verduidelik onbeweeglikheid van produksiefaktore?

- A Prysonderhandelings word nie toegelaat nie.
- B Sommige mense het baie goedere en andere net 'n paar
- C Fisiese kapitaal kan nie maklik herverdeel word nie.

1.1.8 Die regering stel minimumpryse vas ten einde ...

- A produsente aan te moedig om meer van noodsaaklike goedere te verskaf.
- B pryse te laat toeneem en produksie te laat daal.
- C die kwaliteit van die arbeidsmag te verbeter. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Langtermyn	A	Hoeveelheid aangebied daal
1.2.2	Ewewig	B	Dra by tot verhoogde mededinging in sommige markte, veral in kleinhandel
1.2.3	KMMOs	C	Een besigheid stel die prys vas en ander aanvaar dit as die markprys
1.2.4	Monopolie	D	Twee ondernemings domineer
1.2.5	Substitute	E	Alle produksiefaktore is veranderlik
1.2.6	Maksimum prys	F	Befonds deur belastinge
1.2.7	Prys leierskap	G	Die marginale inkomste kurwe lê onder die vraagkurwe
1.2.8	Openbare goedere	H	Hoeveelheid gevra is presies gelyk aan die hoeveelheid aangebied teen 'n gegewe prys
		I	Kan maklik vervang word

(8 x 1) (8)

1.3 Gee die korrekte begrip vir elk van die volgende frases.

- 1.3.1 'n Instelling of meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste byeen bring
- 1.3.2 Die verkoop van 'n goed of diens aan verskillende kopers teen verskillende pryse
- 1.3.3 Die wetlike reg waardeur die eienaar die eksklusiewe reg verkry om 'n produk te vervaardig of 'n spesifieke tegniek mag gebruik
- 1.3.4 'n Markstruktuur waar slegs 'n paar verkopers besigheid doen
- 1.3.5 Totale inkome ontvang uit die verkoop van goedere en dienste
- 1.3.6 'n Onwettige handelsooreenkoms waar 'n goed teen 'n hoër prys verkoop word as die wetlik vasgestelde prysplafon (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2****40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE besluitnemingskriteria wat in 'n kostevoordeelontleding gebruik word. (2)

2.1.2 Wat is die doel daarvan om 'n volmaakte mark te bestudeer? (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Vir watter doel word produksiemoontlikheidskurwes aangewend? (2)

2.2.2 Gee omskrywings vir die volgende:

(a) Kurwe I<sub>1</sub> (1)

(b) Punt D (1)

(c) Kurwe AA (1)

2.2.3 Verduidelik die implikasie van punt B en C hierbo. (5)

- 2.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**TRANSNET: MONOPOLIE BESTE IN SY HANDE**

Transnet, Suid-Afrika se regeringsvervoermaatskappy, het sy monopolie van die land se ag hawens verdedig en gesê dit sal geen sin maak vir privaat operateurs, soos Frankryk se *Boll erts SA* om die mark te probeer betree nie.

“Ons sit op natuurlike monopolieë omdat die hawens nie met mekaar meeding nie”, het Transnet se Hoof Uitvoerende Beamppte gesê. “Is ’n natuurlike monopolie beter daaraan toe in privaathande of in regeringshande?”

*Bron: [www.iol.co.za/business/companies](http://www.iol.co.za/business/companies)*

- 2.3.1 Watter diens bied Transnet aan? (1)
- 2.3.2 ’n Monopolie kan natuurlik of ... wees. (1)
- 2.3.3 Onderskei tussen die natuurlike monopolie en die ander een in VRAAG 2.3.2. (4)
- 2.3.4 Hoe, na jou mening, word verbruikers deur ’n monopolie geraak? (4)
- 2.4 Bespreek nie-prysmededingingstrategieë vir oligopolieë. (8)
- 2.5 Waarom realiseer ondernemings in monopolistiese mededinging ekonomiese wins slegs oor die korttermyn? (8)

**[40]**

## VRAAG 3

40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE eienskappe van 'n monopolie. (2)

3.1.2 Hoe verskil ekonomiese koste van rekeningkundige koste? (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

KOSTES EN INKOME							
EENHEDE	PRYS	TI	GI	TK	MK	GK	WINS
0	16	0	16	10	-	-	-10
1	14	14	14	12	2	12	2
2	A	24	12	13	1	6,5	11
3	10	30	10	17	4	5,66	13
4	8	B	8	22	5	5,5	10
5	6	30	6	30	8	6	0
6	4	24	4	39	9	D	E
7	2	14	2	49	10	7	-35

3.2.1 Op watter markstruktuur is hierdie kostes en inkome van toepassing? (1)

3.2.2 Teen watter uitsetvlak sal die besigheid 'n normale wins maak? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

3.2.3 Bereken die waardes van A–E. (5)

3.3 Bestudeer die onderstaande foto's en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 In watter markstruktuur is die klerewinkels? (1)

3.3.2 Daar is 'n ... aantal besighede in hierdie markstruktuur. (1)

- 3.3.3 Omskryf produktdifferensiasie in klerewinkels. (4)
- 3.3.4 Verduidelik hoe prys en uitset onder bogenoemde markstruktuur verskil van dié van volmaakte mededinging. (4)
- 3.4 Verduidelik die rasionaal agter kostevoordeelontleding. (8)
- 3.5 Verduidelik hoe marginale koste en marginale inkome gebruik word om winsmaksimering in 'n volmaakte mark te bepaal. Maak gebruik van 'n grafiek met volle byskrifte. (8)

**[40]****VRAAG 4****40 PUNTE – 30 MINUTE**

- 4.1 Beantwoord die volgende vrae.
- 4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van subsidies vir goedere. (2)
- 4.1.2 Hoekom is die aanbodkurwe nie nodig vir die bepaling van die wins maksimerende prys en hoeveelheid by 'n monopolie nie? (2)
- 4.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.2.1 Definieer die begrip *marginale koste*. (2)
- 4.2.2 Identifiseer die punt op die grafiek waar die onderneming sal sluit. (2)
- 4.2.3 Waarom sal die onderneming by die punt geïdentifiseer in VRAAG 4.2.2 sluit? (2)
- 4.2.4 Hoe word die aanbodkurwe van 'n volmaak-mededingende onderneming bepaal? (4)



- 4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**MEDEDINGINGWETGEWING KAN SA SE GROEI 'n HUPSTOOT GEE**

Dit is duidelik uit die Wêreldbank se verslag dat Suid-Afrika se mededingingsowerhede hoogs pro-aktief was om kartelle in 'n verskeidenheid van industrieë op te tel en sanksies daarteen in te stel. Dit word, regoor die wêreld, algemeen aanvaar, dat die gedrag van 'n kartel onder die mees skadelike gedrag onder anti-mededingende gedrag tel, omdat dit lei tot besighede wat minder produseer, m.a.w. verlaging in uitset, hoër pryse vir verbruikers, beperkte verbruikerskeuse en 'n afname in aansporings vir ondernemings wat doeltreffendheid en innovasie wil verbeter.

*Bron business/opinion/10 Maart 2016 om 07:30 deur: Ahmore Burger-Smidt*

- 4.3.1 In watter markstruktuur sal besighede waarskynlik kartelle vorm? (1)
- 4.3.2 Definieer 'n kartel. (2)
- 4.3.3 Wie is Suid-Afrika se Mededingingsowerhede? (3 x 1) (3)
- 4.3.4 Waarom, volgens die uittreksel, word kartelle as skadelik beskou? (2 x 2) (4)
- 4.4 Verduidelik die maatreëls wat die regering kan implementeer om inkomeverdeling te verbeter. (8)
- 4.5 Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, die knak in 'n geknakte vraagkurwe. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



**VRAAG 5****40 PUNTE – 40 MINUTE**

Markte word breedweg geklassifiseer in volmaakte en onvolmaakte markte. Alhoewel, in werklikheid bestaan daar baie min voorbeelde van volmaakte markte.

- Ondersoek die toestande vir die bestaan van 'n volmaakte mark in detail. (26)
- Illustreer, met behulp van grafieke, die plek van die industrie en die besigheid oor die langtermyn, indien 'n verlies oor die korttermyn gerealiseer was. (10)  
**[40]**

**VRAAG 6****40 PUNTE – 40 MINUTE**

Soms misluk die vryemark om die hoeveelhede goedere en dienste te voorsien, wat mense aanvra teen die pryse wat marginale nut en relatiewe skaarsheid aandui.

- Bespreek die oorsake van markmislukking, deur te verwys na ekternaliteite en ontbrekende markte. (26)
- Hoe ontmoedig of moedig die regering ekternaliteite aan? (10)  
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40****GROOTTOTAAL: 150**